Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Juta Mentz

Besigheidsbestuurder: Sentraal- en Oos-Vrystaat
T: 084 516 3677 / E: juta@laeveld.co.za

Gewasse: Sonneblomme, graan, soja, mielies en aartappels
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Juta Mentz is in Pongola in KwaZulu-Natal gebore. Hy het op 'n klein plattelandse dorpie, Louwsburg, grootgeword – tussen "iewers en nêrens", soos hy daarna verwys. Sy ouers het met beeste, bome en aartappels geboer.

Hy het sy skoolloopbaan in Vryheid voltooi, waar hy op verskeie areas presteer het. Hy het uitgeblink in sport, kultuur en akademie, en was ook 'n lid van die skool se kadetorkes, wat die Suid-Afrikaanse kampioenskappe drie keer gewen het.

Juta het sy BSc-Honneursgraad, asook 'n nagraadse diploma in Besigheidsbestuur, aan die Noordwes Universiteit in Potchefstroom verwerf. As gevolg van grondeise kon hy ongelukkig nie na sy studies terugkeer plaas toe nie.

Sy loopbaan het in 2012 by *Continuum SES* begin as Omgewingsbestuurder. In 2014 is hy tot Projekbestuurder in die Klaserie Natuurreservaat bevorder, waar hy aan die stuur van sake was met die bou van 'n nuwe lodge.

Sy liefde vir die landbou het hom in 2016 teruggelei na die landboubedryf, en hy het met 'n internskap by Villa Crop Protection begin. Hy is gou bevorder tot *Answer Plot Lead*, waar sy verantwoordelikhede die volgende ingesluit het: Die beplanning van proewe, plant en bestuur vir bemarkingsdoeleindes, asook die uitvoer van nuwe registrasieproewe. Dit het gevolglik tot 'n nuwe posisie gelei, naamlik Bemarkingsadviseur.

Juta is in 2022 getroud met Loureze. Aangesien hulle nog kort getroud is, stry hulle maar nog oor hoeveel kinders hulle graag wil hê – Juta meen drie kinders is meer as genoeg, maar Loureze skop nog vas by vier kinders. Miskien as die eerste enetjie so besig is soos Juta, wat nie lief is vir slaap nie, sal sy dit heroorweeg. Hulle sal egter bly wees met waarmee die Here hulle ook al seën.

Hulle is deur swaar en moeilike tye, en leef met 'n diep dankbaarheid in hul harte. Nie net wil hulle ander mense vertel van Sy groot genade en goedheid nie, maar hulle wil dit ook uitleef en ander mense help waar hulle kan.

'n Ander groot liefde in Juta se lewe is visvang. Daar is darem maar min dinge in die lewe wat vir hom so lekker is soos om 'n lyntjie nat te maak. Loureze spot al en wonder wie hy die liefste het!

Juta is nou Laeveld Agrochem se besigheidsbestuurder in die Sentraal- en Oos-Vrystaat, en hy is baie opgewonde en passievol oor sy posisie. Die gewasse waarmee hy gaan werk, is sonneblomme, graan, soja, mielies en aartappels.

"Dit gee vir my energie en ontsettende werksbevrediging om met mense te werk en om te help om hul ondernemings te laat groei. Om in God se natuur te kan werk, en om die kennis en vaardighede wat God my gegee het met my agente en boere te deel, is 'n voorreg. Só kan ek die beste geleenthede, produkte en praktyke met hulle deel en 'n volhoubare pad saam met hulle stap," sê hy.

Juta is aktief in sy gemeenskap betrokke en is sedert 2020 deel van 'n kerkplantingspan. Hy vertel: "Ek glo om 'n volgeling van Jesus te wees, begin by jou huis en die mense om jou, en só word die sirkel al groter en al meer mense word bereik. My pa het my geleer om hard te werk vir jou huis en jou gemeenskap, maar hoofsaaklik vir ons Vader.

"As jy vir God 'n geleentheid gee om die slegte dinge in jou lewe in 'n positiewe geleentheid te omskep, sal jy verbaas en verstom wees oor Sy goedheid. Ek kan uit my persoonlike lewe hiervan getuig."

As Besigheidsbestuurder is Juta in diens van Laeveld Agrochem en verdien hy 'n vaste salaris. Die feit dat hy dus nie aangespoor word deur kommissie of verkope nie, maak dat hy totaal onafhanklik optree en werklik goeie, objektiewe raad en advies saam met die agent, aan die kliënt verskaf. Dit is sukses, eerder as geld, wat hom dryf en daarom neem hy weldeurdagte besluite met langtermyn voordele.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.

Agri Technovation